# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
*Die Gemeente met Oop Deure*

## BELEEF BEHOORT BEDIEN



"Net die mans bymekaar was al omtrent vyf duisend ...

Daarna het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die **seën** gevra. Toe **breek** Hy dit en **gee** dit vir die dissipels om aan die mense voor te sit.

Almal het geëet en genoeg gekry. Wat oorgebly het, het hulle bymekaargemaak, twaalf mandjies vol."

Lukas 9:14 - 17

## EREDIENSTE

**VANDAG**

Sesde Lydensweek

Deuroffers: Uitreikbediening

Gert Roberts

*"Breek, Seën, Deel"*

Luk 9:10 - 17

**08:30**

Kontemporêre Diens

Bababediening, Kinderkerke, Space

**10:15**

Klassieke Diens

**10:30**

Belydenisklas

| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
|---|---|---|---|---|
| | 08:30 Soepel Seniors<br>09:30 Silwerjare Komitee | 05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms | 08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Young Adults | SKOLE SLUIT |
| Ma | Di | Woe | Do | Vry |

Sa

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com




# BEHOORT

## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**MAART**
**22**: Marina Carstens, Elmien Coetzee
**23:** Deoni Reynolds (70jr)
**24**: Pixie Hyman
**25**: Dirk den Haan, Marie Görgens, Annelize le Roux
**26**: Elsa Lombard, Jackie Matthee
**27**: Estelle Collison, Harry Herbst, Willie Reinke
**28**: Nigel Johnson

Oom Johan Conradie van Klaradyn is op 27 Maart
**100jr** oud!
Wat 'n ongelooflike mylpaal.
Baie baie geluk Oom Johan! Mag Oom elke dag die Here se seën ervaar.

SnapScan
Snap here to pay

BANKBESONDERHEDE:
NG Kerk Heidekoppie,
Absa Brackenfell
Universele Kode:
632005
Tjekrekening nr
145 058 0674

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

## SONDAE GEDURENDE DIE SKOOLVAKANSIE

**Sondag 29 Maart:**
Palmsondag:
Een oggenddiens om 08:30.

**Sondag 5 April:**
Opstandingsondag
Eredienste om 06:30 (voorste parkeerterrein) en 08:30 (kerkgebou)

Geen Bababediening, Kinderkerke, Space of Belydenisklas gedurende die skoolvakansie nie.

## BEWYS VAN LIDMAATSKAP

*is ontvang van*

- Anita Marjory Ellis (nou Classen) vanaf Kraaifontein-Noord
- Hans Thomas Ohlms en Susanna Petronella Ohlms vanaf Stellenberg
- Johan Christiaan Lamprecht vanaf APK Waterberg

*Baie welkom aan hierdie nuwe lidmate!*

## DOOP

Ouers wat 'n kindjie op Sondag 5 April (Paassondag) wil laat doop, moet asb die kerkkantoor vroeg hierdie week kontak.



*" ...Die bediening van hierdie hulp voorsien nie net in die behoeftes van die gelowiges in Jerusalem nie, maar word 'n stroom van danksegging teenoor God."* 2 Kor 9: 12

# GROOT LYDENSWEEK EN PAASFEES

**Gebedstasies**: Gedurende die Groot Lydensweek sal daar elke dag gebedstasies by die kerk beskikbaar wees. Presiese tye en datums sal volgende Sondag deurgegee word.







**Tenebrae Diens / Diens van die Skadu's:** 'n Meditatiewe diens met Woord en musiek ter voorbereiding van Goeie Vrydag. Kerse word een vir een doodgeblaas en die kerk word in duisternis en stilte verlaat.







**So 5 April 06:30** Diens op die voorste parkeerterrein. Bring jou eie stoel indien dit moontlik is en bring gerus ook vir jou koffie en iets te ete saam. Ons kyk ook saam hoe die son opkom en juig oor die Opstanding!
**So 5 April 08:30** Paasdiens in die kerk. Jesus leef!

# BEDIEN & BELEEF

**BID VIR DIE GEMEENTE**

Vandag bid ons vir ons plaaslike uitreikprojekte, veral vir Jesus-in-Aksie en Racham.

**RACHAM**

Racham is die gemeente se barmhartigheidsbediening.
Hulle poog om persone se waardigheid te herstel deur kos, klere en ander noodsaaklike ondersteuning te voorsien.
Hulle fokus is kospakkies, krisissituasies en basiese lewensmiddele. Soms kan hulp ook verleen word met bv skrybehoeftes of skoolklere.
Dmv gereelde Heideboetiek klere-verkope (dankie vir skenkings!) word fondse ingesamel vir kospakkies. 'n Gedeelte word ook uit die gemeente se begroting befonds en finansiële skenkings word ookvan gemeentelede ontvang.
Racham skep ook geleenthede om mense na die kerk en geloofsgemeenskap uit te nooi, geestelike groei aan te moedig en die hoop van die Evangelie te deel.
Deur die verjaarsdagprojek word elkeen  met 'n geskenkie bederf op hul verjaarsdag.


*Dank die Here*

- vir kos-, klere, verjaarsdag- en finansiële skenkings en sopkokers.
- vir vrywilligers wat help pakkies pak, aflewer, klere sorteer en bid.
- vir onverwagte seëninge wat gereeld ontvang word.

*Bid vir*

- genoeg vrywilligers om te help. Veral op Vrydagmiddae.
- voldoende fondse vir aankope.
- die ontvangers van die pakkies wat dikwels geweldig moeilike omstandighede het.
- wysheid om te onderskei tussen ware nood en kansvatters. Die vermoë om ook grense te stel waar nodig.
- die vrywilligers wat soms oorweldig voel deur al die nood en hartseer verhale.








# BEDIEN & BELEEF

## BID VIR DIE GEMEENTE

Vandag bid ons vir ons plaaslike uitreikprojekte, veral vir Jesus-in-Aksie en Racham.

**JESUS-IN-AKSIE**

Jesus-in-Aksie is 'n Christelike beweging sonder winsbejag wat funksioneer vanaf die rooi Lasarusstoor by Brackenfell stasie.

*Dank die Here vir*

- 'n area waar hulle kan werk en vir kos en klere wat geskenk word - ook die brood en sop vanaf gemeentelede.
- al die werk van vrywilligers.
- sopkombuise en kosvoorsiening aan minderbevoorregtes.
- die manier waarop die stasie-omgewing opgehef word en verfraai word.
- oeste van die groentetuin wat versprei en ook verkoop kan word.
- vir suksesvolle uitreike na Klawer en ook na plekke in die Skiereiland gedurende Oktober
- werkskepping soos bv Nathan se karwas.
- beskikbaarheid van water.

*Bid vir*

- finansies vir al hulle behoeftes, o.a. die huur van die stoor, kospakkies, instandhouding van die gebou en die voertuig, aankoop van saad, petrol ens.
- Pastor Gabriel (stoormeester en prediker) en almal wat daar help en bedien.
- genoeg hande om te help.
- dat die Here mense se lewens sal verander en dat dit 'n rimpel-effek sal hê.










# IN DIE OMGEWING


NG Durbanville, kerktuin

**PASSIESPELE 2026 – BUITELUGDRAMA**


DINSDAG 24 Mrt & WOENSDAG 25 Maart
19:30
Durbanville Gemeente – Kerktuin
Bring jou eie water/lekkertjie en iets warms. Stoele word voorsien.
Koste: R100 pp
Bespreek hier:
https://forms.gle/exutqQmucbWytCqw7




Ds Anton woon vanoggend die afskeidspreek van Ds Chris Barnardo van Kuislrivier De Eike (een van ons ringsgemeentes) by.
Ds Barnardo is veral bekend by ons seniors in Othello.



Die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit hou 'n Lydenstyd kunsuitstalling vanaf Ma 30 Maart tot Wo 1 April met die tema: *Christus se opstan-ding, die tuin ontwaak. Wanneer die aarde saam opstaan.*
Daar is kapeldienste om 07:30 en 12:30. Die kunswerke word in die Jubileumsaal uitgestal en besoekers kan daarna verder stilword in die sentrum se ruimtes en tuine.
Vir navrae, kontak die Andrew Murray Sentrum by 021 873 2151 of stuur 'n e-pos aan admin@andrewmurraysentrum.co.za.




"Ek kry hierdie mense innig jammer, want hulle is nou al drie dae lank hier by My en hulle het niks om te eet nie.
As Ek hulle nou sonder kos huis toe stuur, sal hulle langs die pad beswyk. "
- Jesus in Markus 8:2,3







## 40 ITEMS UITDAGING

Almal is nie Paassondag tuis nie - indien jy items ingesamel het, bring dit gerus van nou af kerk toe.







## DANKIE JESUS!

'n Vraghouer vir Racham is geskenk en afgelewer!

## VROUEKUIER

Dames!
Moeg na die kwartaal?
Sluit die kwartaal af met 'n gesellige GRATIS saamkuier, 'n praatjie en versersings.
NB Bespreking noodsaaklik.
Bespreek jou plek by Lucindia by 078 110 7198.